# Vryers, Vriende en Familie

### Vryers (Eros)

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 15 Februarie 2026

Romantiese liefde… sommige hoor die woorde en dink aan die vreugde in hulle huwelik. Ander dink aan teleurstelling, onsekerheid. Ander onthou die trauma van egskeiding, of hoe ontrouheid hulle verwond het. Enkellopendes, party met verlange na ’n lewensmaat, ander wat die pad van selibaatskap gekies het… En dan húlle wat leef die stil hartseer van weduweeskap en wewenaarskap.

Mag ons almal vandag bewus word van waarheid, hoop en genade.

Eros, daardie misterieuse, passievolle, romantiese liefde, is soos ’n hemelse simfonie, maar… dit kan ’n pynlike stilte of geraas word…

C.S. Lewis skryf dat drie menslike liefdes in ons natuur ingebou is: Eros (romantiese liefde), Storge (familie-liefde), Philia (vriendskap). Maar weens ons gebroke sondigheid, het hierdie liefdes die aanhoudende ingryping van die vierde liefde, Agape, nodig om gered te word. Sonder Agape word ons menslike liefdes afgode.

“As soon as our human loves become Gods, they become demons. They cease to be demons only when they cease to be Gods.” — C. S. Lewis

As Eros ’n afgod is, moet jy ten alle koste bevredig word, indien nie, vervang jy jou geliefde….

Daarom kyk ons vandag na die ligkant en die donkerkant van Eros. Kom ons begin by…

**DIE WONDER VAN DIE OORSPRONKLIKE MUSIEK**

In die begin het God van alles wat Hy geskape het gesê “dit is goed,” behalwe van die mens wat alleen is sê God…

**Genesis 2:18**

Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ’n hulp maak wat by hom pas.

En nadat God Eva geskape het, sê Hy…

**Genesis 2:24**

Daarom sal ’n man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle sal een vlees wees.

Hier sien ons Eros in sy suiwerste vorm, nie net ’n biologiese drang of ’n sosiale konstruk nie, maar ’n Goddelike idee. "Een vlees,” ’n samesmelting van twee lewens op elke vlak: emosioneel, intellektueel, geestelik, sosiaal en fisies.

Hierdie goddelike liefdesmusiek het ’n paar kenmerke:

Wat is Eros?

**Die Begeerte van Eros: ’n Persoon, nie ’n Gevoel nie**

Eros, in sy wese, is nie die begeerte na seksuele geluk nie. ’n Mens kan sê seksuele geluk is soos ’n blom, Eros is die grond waarin die blom groei en gedy. En selfs wanneer die liggaam nie in staat is tot die intieme soos voorheen nie, kan twee mense steeds ’n emosionele en fisiese liefde hê.

Gevoelens en seksuele begeerte is nie Eros nie, dis die gevolg van Eros, die blom wat groei in die grond van ’n verhouding waar twee mense begeer om mekaar te ken, te ontdek, waar gedagtes óór die ander gaan, hunkering na die ander se nabyheid en geluk. Daarom is twee eenvoudige vrae vir Eros om te gedy baie belangriker as wat ’n mens dink: Hoe was jou dag? Waaraan dink jy nou?

Eros begeer nie om *’n maat* te hê nie, maar om *’n spesifieke persoon* naby hê.

Eros gaan ook nie oor gevoelens nie, jy dink nie hoe wonderlik jý vóél nie; jy dink hoe wonderlik die ánder persoon ís. Haar lag, sy interessante manier van dink, haar skoonheid.

Daarom is Eros die begeerte om mekaar te ontdek en behaag. Saamwees, saam ervaar, self-openbaring. Daarom wil jy ook aanraak en liefkoos. Die hunkering om mekaar te ontdek, en ook om die bevoorregte een te wees wie se liefde kan bydra tot jou maat se geluk soos geen ander mens kan nie.

“Dat sý my naby háár wil hê… ek is ’n koning…”

“Hý begeer mý… kan dit wees?”

**Hooglied 7:10**

Ek is **my beminde** s’n, en **sy begeerte** is na my.

Ware Eros sê nie selfgesentreerd, “Ek het jou nodig om mý gelukkig te maak” nie. Dit sê, “Ek het ontdek hoe jý is, en die lewe is mooier.” Eros vrá nie ’n kompliment nie, (dit is in die wolke

as dit kom ja), maar eintlik kán Eros nie anders as om jóú nie komplimenteer nie, en is bly om te sien dat dit jóú blymaak.

### Die Atmosfeer van Eros: (Ernstig, Prettig, Siklies)

Verliefdes is passievol ernstig én ook kinderlik speels. Die ernstige diep kyk in mekaar se oë. Maar dan weer die gegiggel met die byt van die ore op die vliegtuig, en grappies en naampies wat vir niemand anders so oulik of snaaks is nie.

’n Gesonde Eros-liefde dra die erns van die lewe, maar betree altyd ook die ligter sfere van verhouding, die belangrikheid van die kuns van speelsheid. Selfs die seksuele moet beide ernstig en laf wees…

En natuurlik siklies. Volwasse Eros is soos die see, soms hooggety, dan weer laaggety, gewoon, tot die hoë branders weer inrol. Eros moet storms en stilte hê. Dis deel van die misterie.

### Die Instink van Eros: (’n Onwrikbare Verbond)

Eros vereis permanensie. Die belofte van die siel en die liggaam. Vir verliefdes is die gedagte dat hulle liefde dalk net týdelik is ondraaglik. Eros skreeu vir ’n belofte, vir ’n eed, voel beledig en verraai sonder verbond. Ware verliefdes wíl trou. Dis nie net ’n sosiale norm nie; dis die natuurlike, Godgegewe uitkoms van Eros. Die liefde wíl sê: “Vir altyd.”

Eenheid van die liggaam sonder eenheid van verbintenis druis in teen Eros se se ontwerp, en teen jou diepste menswees…

### Hooglied 8:6-7

Dra my soos ’n seëlring op jou hart, soos ’n seëlring op jou arm; want liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is ’n gloed van vuur, ’n vlam van die Here. Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie…

God het Eros gemaak om te hunker na na die altaar, die eed, die ring. Ons rasionele brein kan dit as *mál* kan beskou: “in alle omstandighede… totdat die dood julle sal skei????” Tog glo Eros onwrikbaar hierdie belofte is moontlik.

Maar, helaas, soos ons nou gaan sien, is hierdie optimisme nie genoeg nie.

### AS DIE ORKES VALS SPEEL EN DIE MUSIEK SKEEFLOOP

Die goddelike simfonie is volmaak, maar in hierdie gebroke wêreld, loop dit skeef, word dit wat

die meeste geluk beloof dikwels die bron van ons diepste seer. Ons worstel met die gaping, die kontras, tussen die belofte van Eros en die werklikheid van ons brose liefde.

Wat laat ’n huwelik agteruitgaan?

Twee dinge: ’n Stadige, chroniese vergiftiging wat Eros oor jare heen wegvreet, óf die skielike, katastrofiese ontploffing wat alles in ’n oomblik vernietig, of soms ’n kombinasie van die twee.

## Die Stadige Gif: Die Vier Ruiters van die Huweliks-apokalips

Die huweliksnavorser, Dr. John Gottman, het ná dekades se navorsing vier kommunikasiepatrone geïdentifiseer wat hy die “Vier Ruiters van die Huweliks-apokalips” noem. Hy kan met meer as 90% akkuraatheid voorspel of ’n paartjie gaan skei, deur te kyk hoe na hulle kommunikasie. Die vier groot bedreigings...

- ### Die Eerste Ruiter: Kritiek

Klagtes is gesond en nodig, dit fokus op ’n spesifieke insident: “Ek is teleurgesteld dat jy nie gedoen het wat jy belowe het nie.” Kritiek, daarenteen, is ’n aanval op iemand se karakter. “Jy is onbetroubaar, selfsugtig. Jy dink nooit aan my nie. Jy doen nooit wat jy sê jy gaan doen nie.” Die boodskap is nie meer “Jy het verkeerd opgetree” nie, maar “Daar is iets fundamenteel verkeerd met jóú.” Dit sê vir iemand dat hy of sy nie net ’n fout gemáák het nie, maar dat hy of sy sélf die fout ís. Dit forseer iemand onmiddellik in ’n hoek van verdediging of skaamte, gekrenktheid.

Die tweede ruiter, en die dodelikste van almal, is wat Gottman ‘Contempt’ noem...

### Die Tweede Ruiter: Veragting

Die beste Afrikaanse woord hiervoor is veragting. Dis meer as net woede; dis daardie toksiese houding wat sê: ‘Ek is beter as jy.’ Morele meerderwaardigheid. Die suur wat liefde wegvreet. Dit word dikwels uitgedruk met sarkasme, (“O, so die prinses het uiteindelik besluit om ons met haar teenwoordigheid te vereer?”), sinisme (Ek wil die dag nog sien dat jy nie net aan jouself dink nie...), die rol van die oë, die opstaan en wegloop terwyl die ander nog praat, selfs openlike verkleinering, “en jy noem jouself ’n man, ’n pa, ’n Christen”.

Hoekom is dit so dodelik? Want dit vergiftig die verhouding met weersin, selfs walging. Respek verdwyn. Onderliggend is die wens dat ek nie met jou getrou het nie. Die boodskap van veragting is: “Jy is vals en swak, benede my standaarde.” Geen liefde kan in so ’n toksiese atmosfeer oorleef nie. Gottman en ander meen verhoudings wat veragting toelaat byna nooit herstel nie.

### Die Derde Ruiter: Verdediging

Wanneer ons aangeval voel is ons eerste instink om onsself te verdedig. Maar in ’n verhouding is verdediging ’n subtiele manier om die skuld te skuif. “Ja, ek het dalk nie gedoen wat jy gevra het nie, maar dis net omdat ek hier alles moet doen, jy help met niks nie!” In plaas daarvan om die klagte te hoor en eienaarskap te neem vir jou aandeel in die probleem, gooi jy die blaam terug, speel die slagoffer. Dit skep ’n bose kringloop: kritiek lei tot verdediging, wat lei tot meer kritiek, wat lei tot meer verdediging. En niemand neem ooit verantwoordelikheid nie. Onderliggend voel een of altwee ““Al ons probleme is grootliks aan jou te danke.”

## Die Vierde Ruiter: Muurbou

*Stonewalling*. Hierdie is miskien die mees tragiese en misverstaande ruiter van almal. Een persoon onttrek emosioneel, sluit af. Staar na die TV, loop uit die kamer, of sê net “uh-huh” sonder om regtig te luister. Maar fisiologies is hy of sy dalk oorweldig—hoë hartklop en adrenalien. Blydskap en entoesiasme ontbreek.

Soms is *stonewalling* wreed en onbillik, ’n taktiese skuif om konflik te vermy of straf uit te deel, maar soms is dit ’n uitroep van diep, onuitgesproke pyn. Die persoon wat die muur bou voel dalk geaffronteer, verwaarloos, beledig, of diep benadeel. Hy of sy bou die muur om sy of haar eie broosheid te beskerm. Dikwels weens die vrees of onvermoë om in woorde te druk, “Verstaan jy my?Bemin jy my nog?” En daarom verdwyn jy in stilte.

Hier is die tragedie: die ander party verstaan nie altyd hierdie bedoelings nie. Staan buite die muur en wonder: “Wat gaan aan? Wat vra hy van my? Hoekom is sy in die skadu’s?”

Die een aan die ontvangkant van die *stonewalling* voel verwerp, geïgnoreer, en onbelangrik. En wat gebeur dan? In ’n mens se eie pyn en frustrasie, begin jy dalk óók om ’n muur te bou. Dit is wat ons “dubbel stonewalling” kan noem. Nou is daar twee mense in dieselfde huis, elkeen agter jou eie muur, gevangenes van julle elkeen se eie stilte. Die muur tussen julle word net dikker en hoër. Julle leef as twee eensame eilande in dieselfde see, en die afstand voel onoorbrugbaar. Daar is dalk gesprek, maar oor alles behalwe wat regtig nodig is.

Hierdie vier ruiters, hierdie stadige gif, skep die perfekte omgewing vir die tweede, meer dramatiese manier waarop ’n huwelik kan sterf...

## Die Groot Verraad: Wanneer Beloftes Breek

Kan ek vir ’n oomblik met diep erns praat oor een van die pynlikste ervarings wat ’n mens kan beleef? Ontrouheid. Dalk is jy die een wat verraai is, en jy dra elke dag die littekens van daardie pyn. Dalk is jy die een wat ontrou was, en jy leef met die skuld en die gevolge van jou keuses. Dalk het jy grootgeword in ’n huis waar ontrouheid julle gesin uitmekaar geskeur het, en daardie pyn beïnvloed jou verhoudings vandag nog.

Dis belangrik dat ons onderskei tussen verskillende vorme van hierdie verraad.

## Die Waarskuwingskoot: Emosionele Ontrouheid

Dikwels begin owerspel met 'n 'onskuldige' flirtasie. Die geheime boodskappe op jou foon. Om jou snaakse stoutighede, jou geheime drome, jou vrese, jou frustrasies met iemand anders as jou lewensmaat te deel.

Ook die gevaarlike, donker pad van pornografie, 'n vorm van emosionele én seksuele ontrouheid. 'n Valse, geheime wêreld van wellus wat intimiteit met jou maat oneerlik of onmoontlik maak. Om die heiligste aspek van die huwelik te verlaag tot selfsugtige geheime vergrype.

Moenie jouself flous nie: emosionele ontrouheid en pornografie is nié onskuldig nie. Dis 'n waarskuwingskoot. Die eerste, gevaarlike tree op 'n glybaan na totale verwoesting. As jy jouself op hierdie pad bevind, hoor vandag die waarskuwing: Draai nóú om. Bely dit. Kry hulp. Voordat dit te laat is.

## Die Kernontploffing: Seksuele Owerspel

As emosionele ontrouheid die waarskuwingskoot is, dan is seksuele owerspel die kernontploffing in die siel van die huwelik. Die Bybel praat met uiterste erns hieroor. Hoekom? Want dis 'n direkte aanval op die "een vlees" verbond. 'n Geweldadige verbreking van die mees intieme belofte wat twee mense aan mekaar kan maak.

### Spreuke 6:32

Hy wat met 'n vrou owerspel pleeg, is sonder verstand; hy wat sy eie lewe wil verwoes, doen so iets.

Die pyn van wat ontrouheid bring... Die diep trauma van die verraaide party. 'n Verpletterde lewe. Die persoon wat jy die meeste in die wêreld vertrou het, het jou die diepste verwond. Wat jou laat twyfel aan jouself, aan die liefde en die lewe self, en selfs aan die goedheid van God.

Vir die een wat ontrou was, as hy of sy nie totaal verhard het nie, is daar die versmorende teenwoordigheid van skuld, skaamte, oor die onherroeplike skade wat aangerig is.

En vir die kinders 'n vernietigde gevoel van veiligheid en stabiliteit, soms vir 'n leeftyd.

Kan 'n huwelik herstel ná so 'n verwoestende slag? Deur God se genade is dit moontlik. Maar ons moet die ontnugterende feite van statistieke in die gesig staar: 25-40% van paartjies skei onmiddelik na owerspel. Van die 60-75% wat weer probeer na 'n affair, bereik slegs 15-20% herstelde huweliksgeluk. Die mees positiewe uitkoms van owerspel is dus dat 85% van die paartjies sal skei. Die ander pool sê die syfer is 91%. Dus: miskien 9-15% van owerspelhuwelike

het ’n kans op herstel… ás albei partye die lang, pynlike pad na genesing met absolute toewyding kies.

Daarom, vir diegene wat met die gevolge van hierdie pyn leef, is “closure” of afsluiting ontsettend belangrik. Dit beteken nie noodwendig dat alles weer regkom nie, maar dat die waarheid op die tafel kom, dat verantwoordelikheid geneem word, en dat daar ’n proses van diep, eerlike berou en rou moet wees. En om uiteindelik, met God se hulp, ’n pad vorentoe te vind, hetsy saam, in ’n herstelde verhouding, of geskei, maar in vrede en vergifnis.

Die wortel van al hierdie pyn—die Vier Ruiters en die groot verraad van ontrouheid—is ons sonde, ons selfsug, ons vrees. En dis juis hier, in die diepte van ons mislukking, waar ons die Evangelie die nodigste het.

## DIE DIRIGENT STAP IN

In die middel van ons mislukking, kom die goeie nuus van die Evangelie. Wanneer die Groot Dirigent, Agape, op die podium klim, kan ware harmonie herstel.

Agape, die onvoorwaardelike, self-opofferende liefde van God, doen kritiese dinge om Eros te red.

Die eerste en belangrikste ding wat Agape doen, is om Eros van die troon van ons harte af te skop…

### Agape Erken net Een God, en Onttroon só Eros as Afgod

Jesus sê iets wat skokkend klink…

### Lukas 14:26

As iemand na My toe kom en nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs sy eie lewe, haat nie, kan hy my dissipel nie wees nie.

Jesus sê jou liefde en lojaliteit vir God moet so absoluut en totaal wees, dat elke ander liefde, in vergelyking daarmee, soos haat lyk. God moet die Son in jou sonnestelsel wees; jou huwelik, jou kinders, jou vriende is planete wat in hulle regte wentelbane om daardie Son moet draai. Wanneer jy jou huwelik die Son is, brand alles uit.

Agape sê vir ons: jou maat kan nie die diepste dors van jou siel les nie. Net God kan.

En hierdie waarheid—dat net God ons diepste dors kan les—is ongelooflik bevrydend, veral vir diegene wat nie getroud is nie. Ons kultuur skree vir ons dat romantiese liefde die hoogste doel van die lewe is. As jy dit nie het nie, is jy onvolledig. Die Bybel skets ’n radikaal ander prentjie.

Jesus self was selibaat. Paulus was selibaat. Hulle lewens was allesbehalwe onvolledig. Jesus praat in Matteus 19:12 van diegene wat nie trou nie "ter wille van die koninkryk van die hemel." En Paulus sê in...

**1 Korintiërs 7:7-8**

Ek wens dat alle mense soos ek was; maar elkeen het sy eie genadegawe van God, die een so en die ander so. Maar ek sê vir die ongetroudes en die weduwees: Dit is vir hulle goed as hulle bly soos ek is.

Selibaatskap is nie 'n tweede-beste opsie nie. Dis 'n hoë en heilige roeping, 'n manier om onverdeelde toewyding aan die Here te gee. Jou identiteit en vervulling lê nie in 'n romantiese verhouding nie. Dit lê in Christus. Vir almal van ons, getroud of ongetroud, geld dieselfde waarheid: Eros is 'n goeie geskenk, maar dit is nie God nie.

Agape, doen kritiese dinge om Eros te red, en dis dan die eerste ding, dit help ons om Eros van die troon van ons harte af te skop...

**Agape Erken net Een God, en Onttroon só Eros as Afgod**

En tweedens:

**Agape Leer Ons Nederigheid en Verslaan só die Vier Ruiters...**

- **deur sag te praat en eerlik te wees**

In plaas daarvan om aan te val, leer Agape ons om in liefde die waarheid te praat (Ef. 4:15). Om jou gevoelens eerlik te deel, soekend na 'n oplossing, sonder om uit die hoogte of aanvallend te wees.

- **deur 'n kultuur van waardering te skep**

Agape leer ons die nederigheid om na mekaar op te kyk as beelddraers van God, wat eer en respek waardig is. Om doelbewus die goeie te soek. Komplimente. Dankies. Geloof in mekaar se karakter. Om te onthou hoekom jy in die eerste plek verlief geraak het.

- **deur verantwoordelikheid te neem**

Dis miskien die moeilikste. Agape, wat ons herinner aan ons eie sonde en God se genade, help ons om nederig ons foute te erken. Om jammer te sê is nie 'n teken van swakheid nie, maar van geloof in die kern van die evangelie.

En dis volgens Gottman die geheim van alle "herstelpogings".

"It's not the case that masters of marriage don't get angry or hurt. It's that when they do, they are able to make a 'repair attempt.' It can be as simple as, 'I'm sorry. I really blew it.' Those words are powerful enough to stop a conflict in its tracks and begin the process of healing." (John Gottman)

Die eenvoudige woorde, "Ek is jammer" is dikwels die eerste tree op die pad na herstel.

- **deur dapper genoeg te wees om die eerste stap te neem**

Die teenmiddel vir 'stonewalling' is wanneer een persoon die moed bymekaarskraap om die eerste, kwesbare stap te neem. "Ek weet daar is 'n muur tussen ons… ek mis jou. Ek wil verstaan wat in jou hart aangaan. Ek is bereid om te luister." En dit vra die ánder persoon om óók die risiko van kwesbaarheid te neem, te praat oor die pyn wat hom of haar laat wegkruip het. En dit vra van albei om eerlike selfondersoek te doen: Wat is my aandeel in hierdie muur? Agape gee ons die krag om ons trots te laat vaar en die eerste te wees om 'n hand uit te steek oor die muur.

Die derde ding wat Agape doen om Eros te red…

ons het gesê…

**Agape Erken net Een God, en Onttroon só Eros as Afgod**

**Agape Leer Ons Nederigheid en Verslaan só die Vier Ruiters**

en dan…

**Agape gee ons die Krag om Getrou te bly**

Onthou jy daardie mal belofte wat Eros ons laat maak het? "For better or for worse… In tye van voorspoed en teenspoed, ja in alle omstandighede…" Die verliefde Eros maak die belofte, maar dis Agape wat ons die krag gee om dit te hou wanneer die gevoelens verdwyn, wanneer die "slegter" tye kom. Om te kies om lief te hê, selfs wanneer dit pynlik is. Die Psalmdigter beskryf die regverdige…

**Psalm 15:4**

…al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie…

Dit is Agape in aksie wat die huwelik bymekaar hou wanneer Eros se vlam laag brand, én dit is die enigste hoop op herstel wanneer vertroue verbreek is.

Kom ons sluit af…

## DIE EWIGDURENDE SIMFONIE

Die simfonie van Eros, soos God dit gekomponeer het, is perfek. Ons, in ons gebrokenheid, bring die valsheid, die chaos, die hartseer. Maar die Goddelike Dirigent, Agape, het die orkes nie ontbind nie. Hy het in ons wêreld ingekom in die persoon van Jesus Christus.

Die kruis is waar Jesus Agape-liefde demonstreer. Hy gee Homself vir sy bruid, vir ons, terwyl ons nog ontrou was. En Hy skenk jou sy liefde sodat jou huwelik, in sy beste oomblikke, ’n klein eggo, ’n voorsmaak, van hierdie groot liefdesverhaal tussen Christus en sy kerk kan wees.

**Efesiërs 5:25, 32**

Manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het… Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.

Ons neem die nagmaal, die teken van Agape…

As jou huwelik ’n goeie huwelik is: Wees dankbaar. Bly naby aan die Here sodat julle mekaar in nederigheid kan bly dien.

As jou huwelik sukkel, daar is hoop. Jesus kan jou leer buig om jou eie rol in die hartseer te erken.

As jy die verwoesting van ontrouheid ken: Weet, die pad is moeilik, skeiding ó versoening… maar gryp Hom aan vir die krag vir elke volgende tree…

As jy enkellopend is: Of God jou roep tot ’n huwelik of tot selibaatskap, weet, jou ware liefdesverhaal is met Hom.